

10 Mei

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 3:1-9
Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 3:6, 7 (1983=vertaling)

Gefokus op God alleen!

Ons almal ken die voordele van 'n verkyker. Om 'n dier in die verte, of tussen grasse te kan uitken. Om 'n voël van naderby te kan bekyk en te kan identifiseer. 'n Verkyker help om wat ver en onbekend is, nader te bring sodat ek daarop kan fokus. 'n Verkyker laat my by die onbenullighede verbykyk sodat ek kan fokus op dit wat saak maak.

Hou op teen Paulus, of Apollos, of iemand anders vaskyk, skryf Paulus aan die Korintiërs, want dan kyk jy wêrelds. Jy probeer dan self identifiseer en raak betrokke in allerlei rusies, want niemand sien duidelik nie, jou fokus is nie reg nie. Eers as jy die verkyker van God se Woord teen jou oë sit, en deur die lense van die Heilige Gees begin infokus, word die prentjie helder en duidelik. Sodat jy kan sien dat dit nie oor mense gaan nie, maar oor God. Sodat jy nie 'n Paulus of 'n Apollos raaksien nie, maar die liefde en die genade van God in Jesus Christus.

Hoe dikwels word kerklike vergaderings se agendas nie oorlaai met sake wat eintlik ons aandag weglei van ons fokus op God se liefde en genade in hierdie wêreld, en hoe ons dit aan mense moet verkondig nie. Hoe dikwels in jou eie verhouding met die Here raak jy so verstrengel in wêreldse roetine en algemeenhede dat jy nie meer kans kry om op die liefde en genade van God in jou lewe te fokus nie. As jy sê: Ek is vir Paulus, en 'n ander: Ek is vir Apollos, is julle dan nie nog wêrelds nie? As jou aandag verdeel is op die dinge wat jaloesie en twis, rusies en skeuring veroorsaak, hoe sal jy op die liefde en genade van God kan fokus? Ek het geplant, skryf Paulus, Apollos het natgegooi, maar dit is God wat laat groei. Dit gaan dus nie om die een wat plant of die een wat natgooi nie, maar om God wat laat groei.

Ons moet opnuut deur die verkyker van God se Woord ons aandag fokus op ons opdrag om uit te gaan en God wat groei gee, se saad te gaan saai. Ons moet deur die krag van sy Gees ons aandag op God se liefde in Christus fokus, wat jou volkome verlos het en jou wil gebruik om daardie liefde met andere te deel.

Sing: Psalm 146:2, 3 (1936)

Ds. WGM (Willem) Kotze (Rooihuiskraal)